Geroep Gewillig Gestuur

# VOORBIDDING:



**Wêreld**: Broenei, Maleisië en Singapoer. Slagoffers van terreur en geweld regoor die wêreld. Die brose skietstilstand-ooreenkoms in Gaza tussen Hamas en Israel en die vrylating van gyselaars, asook humanitêre hulp aan Gaza. Oplossing vir die konflik tussen Israel en Iran, asook Sirië. Die beëindiging van die oorlog in Oekraïne en die slagoffers van beide Rusland en Oekraïne. Willem en Alla van der Colff en die werk wat hulle in Oekraïne doen. Oplossings, planne en samewerking om aardverwarming se pas te vertraag en moontlik om te keer, asook om plastiekbesoedeling te verminder. Slagoffers van natuurrampe regoor die wêreld.
**RSA & Dorp**: Onderwys en Opleiding - universiteite, tegnikons, skole, leerkragte, studente en leerders. Al die uitdagings waarmee ons land sukkel in basiese onderwys sowel as verdere opleiding. Oplossings vir die hoë misdaadsyfers, veral misdade teen onskuldige kinders en kwesbares. Bendegeweld, taxigeweld en slagoffers en gevolge daarvan in gemeenskappe. Hoop vir mense in gemeenskappe wat onder erge droogte gebuk gaan. Oplossings vir ons land se energiekrisis asook water– en sanitasie uitdagings. Politieke stabiliteit in ons land en wysheid en samewerking in die regering van eenheid.
**Gemeente & Kerk:** Lidmate wat treur, siek en verswak is en diegene onder behandeling en aan die herstel. Dankbaarheid vir God se sorg. Gehoorsaamheid aan ons missie: Geroep, Gewillig, Gestuur. ’n Geseënde vierde kwartaal. Dankbaarheid vir die gemeente se betrokkenheid by ons jaarlikse Kersprojek. Studente en skoolkinders se suksesvolle afhandeling van die akademiese jaar.
**’n Woord van meegevoel:** Meegevoel met Freddie en Elzanne van der Westhuizen wie se skoonsuster haar stryd teen kanker verloor het. Ons dink ook aan Freddie se broer en sy twee jong dogtertjies. Willem de Villiers (Geluksoord en voorheen Brandwachtstraat) is oorlede**.** Meegevoel met sy familie en vriende. Ons bid vir vertroosting in hierdie moeilike en hartseer tyd.
**Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar**: Dalene de Beer (Lovell), Louis de Jager (Robbertsz), Johan de Kock (Lieberheim), Annatjie Marais (Bonheur), Hermann Spangenberg (Geluksoord), Morné van der Merwe (Florida) en Johan van der Westhuizen (Brandwacht).


**Bankbesonderhede**
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149821/198765 Rekno: 149 8046 320

**NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen**
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za


## Teken in op ons E-Nuusbrief

Hoe gaan jy te werk? Besoek ons webwerf, www.stelwel.co.za, kliek op “kontak ons” en kies “teken aan op ons E-nuusbrief”. Volg die maklike stappe en siedaar, jy ontvang Vrydae ’n vriendelike hallo-sê van die kerkkantoor met al die nuus en waar jy betrokke kan raak!

Gesinne wat ’n hulpmiddel soek om tuis saam te lees, gesels, doen en bid, is welkom om ’n Huisgeloofblad af te laai van ons webwerf (www.stelwel.co.za) of DinkJeug-webwerf (www.dinkjeug.co.za), of kry die skakel in ons E-Nuus.

**Ons is ’n groen gemeente wat herwin!** In die vierkant by die houers, waar ons papier en glas herwin vir Huis Horison, is daar houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energie-besparende gloeilampe, batterye en ou selfone.


Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

# WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.


## 30 November 2025

### Eerste Sondag van Advent



Koninkrykstyd

Jaartema: *groei*

| | |
|---|---|
| **Kerssangdiens** | 09:30 |
| **Prediker** | Leon Cronje |
| **Tema** | Bring sonneblomme uit Betlehem |
| **Koinonia Kafee & Afskeid** | 10:30 - kuier saam met tee en koffie in die vierkant en neem afskeid van Leon en Anette Cronje. |
| **Kerkbiblioteek** | 10:30 - neem boeke uit by ons biblioteek in die vierkant |
| **Gemeente-afsluitingsbraai** | 11:00 - sluit die jaar saam af met ’n bring-en-braai |



As Christene vier ons **Advent** met die wete dat Christus gekruisig is en opgestaan het. Ons dink in hierdie tyd aan God as die altyd komende in ons nood, om op verrassende wyse heil en bevryding te bring. Ons berei ons opnuut voor om die Verlosser in ons lewe te verwelkom.

## *Welkom by ons Kerssangdiens!*



’n Spesiale welkom vandag aan ons orrelmeester, Winand Grundling, die Bloemhof Ensemble onder leiding van Marijke Roos, Schalk Wasserman (timpani), Anthonie Jansen van Rensburg (fluit) en Ethan Verrezen (trompet).




## 2026-Almanakke & nuutste nuus!

Die kerkalmanak vir 2026 (in A4-formaat met ’n duursame glansbuiteblad!) is beskikbaar in die vierkant om vandag te neem - slegs 1 per besoekpunt, asb. Die nuutste Welgelegener, met ’n opsomming van die afgelope 3 maande se gemeentenuus, is ook nou beskikbaar om te neem. Lekker lees!

Kom drink ’n koppie tee of koffie by ons Koinonia Kafee in die vierkant ná die erediens en kuier nog ’n bietjie saam! Dankie aan die skinkers!

**<u>ONS KANTOORURE is</u>:** Maandae tot Vrydae van 08:00 tot 13:00

**PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK: Maandag 01/12 tot Sondag 07/12**

| | | |
|---|---|---|
| Ma 01/12 | | **Wêreldvigsdag**<br>**Kersete vir Stellenbosch Nagskuiling** |
| Di 02/12 | 10:00 | **Biduur by La Clemónce:** in die klubhuis (laaste een vir die jaar) |
| Wo 03/12 | | **Kerkkantoor gesluit:** personeel se afsluitingsfunksie |
| Vr 05/12 | | **Laaste E-Nuus van die jaar word uitgestuur** |
| So 07/12 | <br>09:30<br>10:30<br>18:00 | **Tweede Sondag van Advent**<br>**Erediens:** Anton van Niekerk<br>**Koinonia Kafee:** in die vierkant<br>**Diens by Bonheur:** Leon Cronje(laaste diens vir die jaar) |




**Die deuroffer vandag gaan aan Stellenbosch Vigsaksie: (in aansluiting by Wêreldvigsdag op 1 Desember):** Stellenbosch Vigsaksie se visie is om 'n omgewing te skep waar die geskenk van lewe gerespekteer word en die mense wat met MIV en Vigs lewe, volkome aanvaar word. Hulle werk kring uit tot die hele Wynlanddistrik waar hulle ondersteuningsdienste lewer aan mense wat geïnfekteer en geaffekteer word deur MIV en Vigs. Vir meer inligting, skakel hul kantoor: 021 808 2930 of 083 589 4798 of stuur 'n epos na atheart@sun.ac.za.

STELLUMTHOMBO

Die deuroffer verlede week aan Stellumthombo was R2 170.

**Baie dankie!** *Volgende week se deuroffer gaan aan Sinodale Gemeenteondersteuning.*

**Betaal met SNAPSCAN** (onthou om 'n verwysing in te tik.)



November se Barmhartigheidstema fokus op **kinders.**

Ons gaan voort met ons **Kersprojek**.

Ons samel gedurende November voedsel, toiletware, skoonmaakmiddels en skryfbehoeftes in vir die Kersprojek. *Die deuroffers gaan gedurende November aan Kinder– en Jeugsorgsentrums, Jamestown Sounds, Paarl Hospitaal se Neonatale Eenheid, Stellumthombo en Stellenbosch Vigsaksie.*



**Kerkraadnuus:** Op die kerkraadsvergadering van 18 November 2025 is die volgende persone tot die kerkraad verkies: Karin Calitz (Barmhartigheidsaksie en Getuienis), Sas Otto (Adminkomitee), Elizna Horn (Familie-en Jeugbediening) en Wouter van den Heever (Diaken B-wyke). Die volgende persone is tot die kerkraad herkies: Mike Reynolds (Adminkomitee), John Villet (Ouderling A-Wyke), Marthie Momberg en Gerhard van Wyk (Ouderlinge B-Wyke) en Laetitia Vogel (Diaken B-Wyke).

**Vakante pos by die kerkkantoor** Die Ontvangs– en Barmhartigheidspos by die gemeente is vakant en aansoeke word ingewag vir diensaanvaarding 1 Maart 2026. Alle inligting rondom die pos sowel as vergoeding is beskikbaar by die skriba (021 886 5975 / skriba@stelwel.co.za). Aansoeke sluit 30 November.

# Kersprojek 2025




Baie dankie aan elkeen wat hierdie jaar dmv ons Kersprojek bygedra het om hoop en liefde te bring aan hulpbehoewendes in ons omgewing en om dankie te sê aan versorgers en personeel. Woensdag het die vierkant behoorlik gewemel van gemeentelede wat gedeel het in hierdie groot lekkerte.

95 kospakkies en 150 lekkergoedpakkies is verpak, asook altesaam 248 geskenke wat uitgedeel gaan word aan die volgende persone: die personeel van Geluksoord, Paarl Hospitaal Neonatale Eenheid, Hospice en Nagskuiling, die vroue van Safehouse, bejaardes in ons gemeente, sjefstudente by Stellemploy, nuwe mammas op Kersdag in Paarl Hospitaal en die kinders in Stellenbosch Hospitaal en Hospice.

Ekstra kruideniersware, toiletware en skoonmaakmiddels is ook verdeel tussen die organisasies wat ons ondersteun.

Baie, baie dankie!!










## Gebed in aansluiting by Wêreldvigsdag

Here, ons dank U en ons bid vir die genesing van liggame, verhoudings en ons samelewing.
Vir diegene wat met MIV en VIGS leef en vir lewensmaats, kinders, ouers en ander wat saam ly, Geneesheer, bring troos en krag vir hulle.
Vir diegene wat eensaam of hartseer is, vertroos hulle.
Vir hele gemeenskappe en nasies wat gebuk gaan onder die MIV-pandemie, lei ons na nuwe lewe.
Vir kerke en klinieke, skole en ander instansies wat onderwys en sorg verskaf en vir diegene wat behandeling en waardigheid soek, ons bid vir insig, verbeelding en uithouvermoë.
Ons bid vir empatie en die vrug van die Gees, sodat ons gemeenskappe van aanvaarding en liefde kan wees.
Vir advokate en aktiviste, ons vra vir dapperheid en kreatiwiteit, om die leiers en die massas te motiveer.
In hierdie wêreld wat aan U behoort, bid ons met hoop, vir 'n dag van genesing, lewe en vrede vir almal.